COMMUNITY NEWSPAPER

21 Augustus 2026

# GansBerg Nuus/News

PRICE R15.00

317 Uitgawe

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

'n ware lewensverhaal | Journalism Journey | Ikamva brei uit | Galjoenkompetisie 2026 | 132 parkrunners

# Sardynvrektes – wat kan ons verwag?



Dit is reeds alombekend dat duisende sardyne langs dele van die Weskus uitgespoel het -'n kommerwekkende gebeurtenis. Die vrektes is aanvanklik op verskeie plekke tussen Saldanhabaai en Gansbaai aangemeld, met dooie en sterwende sardyne wat selfs tot sowat agt seemyl van die kus af waargeneem is.

Die Departement van Bosbou, Visserye en die Omgewing het bevestig dat laboratoriumtoetse genetiese materiaal van pilchardherpesvirus (PHV) in monsters van sardyne gevind het. Die rol daarvan in die onlangse sardynvrektes word egter steeds ondersoek. PHV is in beide dooie sardyne en, teen laer vlakke, in sommige oënskynlik gesonde sardyne wat aan die Weskus versamel is, opgespoor. Dit dui daarop dat die teenwoordigheid van die virus alleen moontlik nie voldoende is om massavrektes te veroorsaak nie.

Wetenskaplikes ondersoek daarom ook of 'n omgewingsfaktor, soos skadelike alge, lae suurstofvlakke of buitengewone oseanografiese toestande, die gebeurtenis moontlik veroorsaak of vererger het. Dit bly egter 'n hipotese wat verdere bewyse vereis. Toetse vir gifstowwe in sardyne wat aan die kus van Saldanhabaai, die Kaapse Canyon en Gansbaai versamel is, asook in 'n oënskynlik gesonde vergelykingsmonster van St. Helenabaai, het geen van die verlammende gifstowwe gevind wat met 'n skadelike algblom in Saldanhabaai geassosieer word nie.

*Artikel volg op bladsy 2*

**The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.**

**Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.**

**All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.**
**Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.**

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




Twee ander alg-gifstowwe, domoïensuur en jessotoksien, is teen lae vlakke opgespoor, met die hoogste vlakke in die oënskynlik gesonde vergelykingsmonster. Geen ander gifstowwe wat by die sifting ingesluit is, is opgespoor nie. Hierdie bevindings dui daarop dat die gifstowwe waarvoor getoets is, waarskynlik nie die primêre oorsaak van die sardynvrektes was nie. Dit sluit egter nie skadelike alge of omgewingstoestande heeltemal uit as faktore wat moontlik bykomende stres op die visse geplaas het nie.

Die Departement het 'n dringende inligtingsessie met belanghebbendes in die klein-pelagiese visbedryf belê. 'n Taakspan bestaande uit die Departement, die visbedryf en ander relevante belanghebbendes sal ingestel word om dringend 'n gekoördineerde, hoëvlak-reaksieplan vir PHV-geassosieerde sardynvrektes in Suid-Afrikaanse waters op te stel. Deur middel van 'n gekoördineerde interagentskap-poging brei die Departement siektemonitering langs die Weste-, Suide- en Ooskus uit, terwyl verdere ondersoeke na siektes, patologie en omgewingsfaktore voortduur. Die Departement se roetine-hidroakoestiese biomassa-opname in Oktober/November sal die eerste geleentheid bied om die moontlike uitwerking op die sardynbevolking te bepaal.

PHV is nog nie voorheen by Suid-Afrikaanse sardyne aangemeld nie. Dit is wel gedurende die 1990's met twee grootskaalse sardynvrektes in Australasië verbind. Die virus is egter daarna in oënskynlik gesonde Australiese bevolkings opgespoor sonder dat dit voortdurende vrektes veroorsaak het. PHV is 'n virus wat met sardyne, ook bekend as pilchards, geassosieer word, en daar is geen bewyse dat dit mense of ander diere besmet nie. Die bevinding van PHV alleen dui nie daarop dat gesonde sardyne wat kommersieel gevang word, of ingemaakte produkte, onveilig is nie. Dit regverdig tans ook nie 'n algemene opskorting van visvang of inmaak nie.

Die resultate van die biotoksientoetse is eweneens gerusstellend, hoewel dit nie as 'n algemene goedkeuring van alle kommersiële vangste beskou kan word nie. Monitering en normale voedselveiligheidsbeheermaatreëls moet daarom voortgaan. Lede van die publiek moet nie dooie of sterwende visse versamel of eet nie. Hulle moet ook nie dooie of sterwende visse aan troeteldiere voer nie. Sardyne van die betrokke Weskusgebied moet ook nie as aas na ander kusgebiede versprei word nie. Die moontlikheid bestaan dat dit kan help om die virus na ander sardynbevolkings te versprei.

**Hardus Botha**



## OVERSTRAND MUNICIPALITY / MUNISIPALITEIT / UMASIPALA

**NOTICE IS HEREBY GIVEN** that an **ORDINARY MEETING** of the **OVERSTRAND MUNICIPAL COUNCIL** will be held in the **BANQUETING HALL, CIVIC CENTRE, HERMANUS** on **WEDNESDAY, 26 AUGUST 2026** at **10:00.**

**KENNIS GESKIED HIERMEE** dat 'n **GEWONE VERGADERING** van die **OVERSTRAND MUNISIPALE RAAD** gehou sal word in die **BANKETSAAL, BURGERSENTRUM, HERMANUS** op **WOENSDAG, 26 AUGUSTUS 2026** om **10:00.**

**OKU KUKWAZISA** ukuba **INTLANGANISO YESIQHELO yeBHUNGA LIKAMASIPALA WE-OVERSTRAND,** iza kuba se **eBANQUETING HALL, KWIZIKO LOLUNTU, eHERMANUS uLWESITHATHU, Umhla we 26 AGASTI 2026 ngeye-10:00.**

**MUNICIPAL MANAGER / MUNISIPALE BESTUURDER / UMPHATHI KA MASIPALA**
**NOTICE/KENNISGEWING/ISAZISO 157/2026**

Gans-Berg Nuus/News
Weeklikse Gemeenskapskoerant
Website Link
TikTok
GANSBERGNEWS
Facebook Link

028 205 0100
066 225 4280
info@gansberg.co.za

# Educated - 'n ware (skokkende!) lewensverhaal


*Elsie Pretorius, Petro Pretorius (voorsitter) en Annamarie Vermeulen by van die geroeste versierings.*

Die skrywer Tara Westover se memoire, *Educated*, beskryf haar reis vanaf 'n geïsoleerde, oorlewingsgerigte Mormoonse gesin in landelike Idaho tot die verwerwing van 'n PhD-graad in Geskiedenis aan die Universiteit van Cambridge - 'n boek wat elke leser se hare laat regop staan. Dit is 'n diep persoonlike memoire oor 'n reis na opvoeding. Elsie Pretorius van Gansbaai Leeskring het hierdie besonderse boek tydens hul vorige byeenkoms met die lede bespreek. Annamarie Vermeulen en Anita Botha was die gasvrouens en hulle versierings-tema was geroeste items - met verwysing na Tara se haglike skrootwerf-jare.

Tara se pa het die regering, openbare skole en moderne geneeskunde wantrou. Gevolglik het sy eers op negejarige ouderdom 'n geboortesertifikaat ontvang, nooit skool bygewoon nie en geen mediese sorg ontvang nie. Haar kinderjare was dus een van totale afsondering, met haar pa wat haar ontneem het van die woordeskat, begrippe en verwysingsraamwerke wat nodig was om die wêreld en haar eie werklikheid te verstaan. Haar pa se paranoia, oorlewingsteorieë en fundamentalistiese Mormoonse ideologieë het haar wêreldbeskouing gevorm. Haar jong lewe is gekenmerk deur uitmergelende en gevaarlike werk op die skrootwerf, asook ernstige fisieke en emosionele mishandeling deur haar broer, Shawn - mishandeling wat deur haar ouers goedgekeur is.

Dit was eers deur haar studie van geskiedenis en haar akademiese opleiding dat sy die woordeskat ontwikkel het om haar trauma te herken en te besef dat haar familie se weergawe van die werklikheid slegs húlle weergawe was en nie objektiewe waarheid nie. Die enigste boeke waartoe Tara toegang gehad het, was die Bybel en Mormoonse pamflette. Geïnspireer deur haar ouer broer, Tyler, wat weggebreek het om universiteit toe te gaan, het sy haarself basiese wiskunde, natuurwetenskap en grammatika geleer.

Die universiteit het Tara aan die hoofstroomsamelewing, die natuurwetenskappe en geskiedenis blootgestel. Dit het haar laat besef dat haar pa waarskynlik aan bipolêre versteuring gely het en haar gehelp het om die werklikheid van haar broer se mishandeling te verstaan. Die boek is nie geskryf vanuit die perspektief van die naïewe kind wat mishandeling beleef het nie, maar deur die lens van 'n opgeleide historikus wat herinneringe krities evalueer. Die inhoud van hierdie boek kan nie kortliks beskryf word nie - dit is té intens en diepgaande daarvoor.

**Hardus Botha**

Be part of our 2027 Tides Booklet
Book your advert
Contact us:
Janine: 072 931 1431
Erika: 072 499 5211
Michelle: 078 010 8286









# Koekeloer maak voete warm

Nelia Koekemoer van Koekeloer en Lisie Fourie van Hair Tizelle het behoorlik gesorg dat Herberg-aan-See (HaS) se tannies warm voete het tydens die kort-kort ysige weer. Dit was net glimlagte en dankbare gesigte waar jy kyk toe die "slippers" aangepas en uitgedeel is.

**Hardus Botha**









**Dansprestasies laat LSG trots!**

**Laerskool Gansbaai (LSG) het hul trots met Lia du Toit en die Junior Elite-groep se dansprestasie uitgespreek. "Wat 'n ongelooflike prestasie!" het LSG laat weet. Lia en die Junior Elite-groep het hul afdeling by die Conquerer-danskompetisie gewen! "Baie geluk, Lia, ons is ongelooflik trots op jou!" Die volgende dag was Lia weer op die verhoog, waar sy aan twee solodanse sou deelneem.**

**Hardus Botha**







**ConGrazia Ballet vir Beginners skitter met goud by die Gansie 120-jaar-Eisteddfodfees!**

**Beide die Junior- en Senior-dansgroepe het aan die ConGrazia Ballet vir Beginners deelgeneem en goud verower - die Juniors met 81% en die Seniors met 88%. "Baie geluk aan al die talentvolle dansers en hul afrigter, Asanti Smit, met hierdie fantastiese prestasie - ons is ongelooflik trots op julle!" het Laerskool Gansbaai (LSG) laat weet. "'n Spesiale dankie aan die beoordelaar, Marina Rautenbach, vir haar kundige beoordeling!"**

**Hardus Botha**



# From Gansbaai Library to Gans-Berg News: Georgie's Journalism Journey


*Georgie Tshayivithi, Gans-Berg News' shadow journalist.*

Gans-Berg News is proud to be part of the YearBeyond Library Programme - a partnership between the Western Cape Department of Cultural Affairs and Sport and municipalities. One of the YeBoneers who is spending a year learning and working at Gansbaai Library as part of the programme is Asisindise (Georgie) Tshayivithi. Edna van der Linde, librarian, approached Gans-Berg News with a request for Georgie to receive some training as a shadow journalist. He has been accepted as a student at the University of the Free State to study journalism, provided that he secures a bursary. Read Georgie's own article, *Gansbaai Library Brings Books and Companionship to HaS*, in this edition.

Georgie was born in Hermanus but grew up in Masakhane, where he attended Masakhane Primary School. He lives with his mother, Bongiwe Sikhonyana. Last year, Georgie was one of the Top 4 matriculants at Gansbaai Academia. Among his achievements were: $2^{nd}$ place in History; $1^{st}$ place in English First Additional Language (FAL); the Pieter Scholtz Trophy for English (FAL); $1^{st}$ place in Life Orientation; the Henry Dickson Trophy for Life Orientation; $3^{rd}$ third place in Life Orientation at the Overberg District Education Grade 12 Finals. After leaving school, he obtained two certificates: Microsoft Office 365 in March 2026 and Microsoft Digital Learning in June 2026.

The YearBeyond Library Programme places unemployed young people in libraries across the Western Cape to strengthen a culture of reading in communities and increase the use of library services. An important component of the YearBeyond Library Programme is YeBoneer Job Shadowing. The young participants are placed in the community for approximately three days to gain practical experience, preferably in a field related to the studies they plan to pursue. This is how Georgie came to spend time at Gans-Berg News.

**Hardus Botha**

# Gans-Berg News' Shadow Journalist

Gans-Berg News' shadow journalist, Asisindise (Georgie) Tshayivithi, has done an excellent job with the first assignment he received from the journalist. Georgie had to write a report on his own about his experience of Gansbaai Library's regular visits to Herberg-aan-See (HaS).

Georgie is part of the YeBoneer team, which spends a year learning and working at Gansbaai Library. Edna van der Linde, Librarian, approached Gans-Berg News about allowing Georgie to spend some time training as a shadow journalist. He has already been accepted as a student at the University of the Free State to study towards a career in journalism, provided that he secures a bursary by the end of the year (see the article about Georgie in this issue).
Below is Georgie's full article, including his own pictures, which is published unchanged.
**Hardus Botha**

**Gansbaai Library brings books and companionship to HaS**

For more than 17 years, Gansbaai Library has been delivering books, companionship and a valuable service to the residents of Herberg aan See (HaS) Old Age Home. Since 2009, the library has maintained an agreement with HaS to visit the home every second Wednesday morning.

During these visits, library staff collect books that residents have finished reading and provide them with new, specifically selected books. The programme currently serves 17 active library patrons at the old age home. Residents enjoy a wide variety of reading material, including Afrikaans and English fiction, non-fiction, history, romance and cowboy stories.





Two permanent library staff members and one YearBeyond intern take part in the visits. The team checks in the books that have been read and issues new books selected according to each patron's reading preferences. The library staff select the books because they have become familiar with what each reader enjoys. This personal approach helps ensure that residents continue receiving books that interest them. Senior Library Assistant Brucine Dreyer plays an important role during the visits by ensuring that all books are returned and checked in on the SLIMS system. She also records the books issued to each patron.

The Gansbaai Library staff expressed their appreciation to Lynette Andrews and the staff at Herberg Aan See for their continued support, assistance and warm welcome during every visit. According to the library team, the elderly patrons have become very close to their hearts. The staff enjoy listening to their humorous stories and have developed meaningful relationships with them over the years. They said they have come to love the residents dearly and always look forward to their visits every two weeks.

The outreach programme forms part of Gansbaai Library's commitment to ensuring that vulnerable patrons continue to have access to library services, even when they are unable to visit the library premises in person. The library has also extended this service to other homebound patrons in the community who are unable to visit the library.

Community members who would like to make use of the homebound library service are encouraged to contact Senior Librarian Edna van Der Linde on 028 384 8346, WhatsApp 072 459 0737, or email edvlinde@overstrand.gov.za.

**Asisindise (Georgie) Tshayivithi**






# Ikamva se middelafhanklikheidsprogram brei uit


Lezel Murtz

"Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling het ons vanaf Februarie 2026 vir 'n middelafhanklikheidsprogram as 'n loodsprojek begin befonds," vertel Jolande Sauls, bestuurder van Ikamva Jeugontwikkeling en Rekenaarsentrum. "Ons is baie opgewonde om dié projek te bestuur en dit ten volle te benut." Sy sê dat hulle, ná deeglike beplanning en gesprekke met ander professionele rolspelers, vanaf die begin van Maart begin het om die program in Gansbaai uit te rol.

Die program fokus op rehabilitasiedienste aan persone met gevorderde middelafhanklikheidsprobleme. Jolande sê 'n groot rede vir hul opgewondenheid is dat dit rehabilitasiedienste na kliënte binne hul eie gemeenskappe bring. Dit beteken dat kliënte nie vervoer hoef te reël of ander kostes aan te gaan om by rehabilitasiesentrums opgeneem te word nie. Die dienste is gratis en word deur 'n professionele maatskaplike werkspan behartig, met die insette van multidissiplinêre spanlede, asook onder leiding van 'n projekbestuurder. Lezel Murtz is as projekbestuurder aangestel.

Tans word die program daagliks vanuit die VGK-kerksaal bedryf. "Dit is ook histories betekenisvol, aangesien die saal in die vroeë 1900's as die eerste laerskool in die area gebruik is," vertel Jolande. Lezel het op Maandag 2 Maart 2026 met twee kliënte begin en reeds daardie week met tien kliënte afgesluit. Tydens aanmelding deurloop 'n persoon 'n siftingsproses om te bepaal of hy of sy vir die buitepasiëntprogram geskik is. Die program duur ses tot agt weke en sluit individuele terapie, asook groeps- en familiesessies, in. Verwysings kan deur kliënte self gedoen word, of deur familielede en ander rolspelers.

**Hardus Botha**

# Magrieta Adams vereer vir rol in Silwerjare se ontstaan

"Ons het op Woensdag 5 Augustus 2026 spesiale erkenning aan Magrieta Adams gegee vir die rol wat sy in die stigting van Silwerjare Dienssentrum gespeel het," vertel Florence Jones, voorsitter. "Hierdie dinamiese vrou was die hart en inspirasie agter Silwerjare Dienssentrum se ontstaan." Florence sê Magrieta, wat tans president van Silwerjare Dienssentrum is, het met visie, deernis en toewyding die grondslag gelê waarop daar vandag steeds voortgebou word.

**Hardus Botha**


Magrieta Adams


Magrieta Adams (voor, middel) tydens die funksie wat vir haar gereël is

# Ikamva verwelkom nuwe maatskaplike werker


Adi de 'Von Wessels

Adi de 'Von Wessels is met ingang van 4 Mei 2026 as 'n nuwe maatskaplike werker by Ikamva Jeugontwikkeling en Rekenaarsentrum aangestel. As maatskaplike werker sal sy onder andere verantwoordelik wees vir die koördinering van die Vroeë Intervensieprogram vir Middelmisbruik. Adi rapporteer direk aan die Ikamva Jeugontwikkeling en Rekenaarsentrum-komitee. Sy is 'n geregistreerde Baccalaureus-maatskaplike werker van Hugenote Kollege.

Adi se verantwoordelikhede is in ooreenstemming met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling se voorskrifte. Die Gans-Berg Nuus wens Adi graag geluk met haar aanstelling as maatskaplike werker by Ikamva Jeugontwikkeling en Rekenaarsentrum en wens haar baie sterkte met haar nuwe werksaamhede toe.

**Hardus Botha**




**HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:**
Hardus: 082 786 0494
Email: info2@gansberg.co.za

# CLASSIFIEDS




BUY • SELL • FIND • JOBS • SERVICES

028 205 0100

## VIBRACRETE MURE
## Gansbaai Precast

* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter (Prys net vir Gansbaai Area)
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal

Ons diens dek die hele Overberg

**Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204**

## Te Koop

'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



GANSBAAI PROPERTIES

028 384 1197 082 378 9955

www.gansbaaiproperty.co.za

We hold the key to your property

## PUT YOUR ADVERT HERE

## REPAIR YOUR HOME

Publication Date: 28 August 2026

Contact us NOW! Book your SPOT!

**DO YOU NEED A:**

- Plumber
- Carpentry
- Painter
- Security System
- Gardener
- Handyman
- Electrician

*Be part of Focus page*



Janine: 072 931 1431
Erika: 072 499 5211

SPRINGBOK

## SPRINGBOK 2026 FIXTURES

22 AUGUST
SPRINGBOKS VS ALL BLACKS

29 AUGUST
SPRINGBOKS VS ALL BLACKS

**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**

Anglo Windows

new for old
we open windows for you

*Average home completed in one day*

Jayson Hitge
082 413 3301
*info@anglowindows.co.za*

WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

UNITY SERVICE RECOVERY AA

ALCOHOLICS ANONYMOUS

DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?

EVERY WEDNESDAY @ 19:00

GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET

THERE IS HELP...

060 597 5419
078 307 7783

**Contact us to Advertise:**

Erika:072 499 5211
erika@gansberg.co.za

## CNC Sweis & Staal

* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

## HAVE A STORY YOU WANT TO SHARE:

Hardus:082 786 0494
info2@gansberg.co.za

Gans-Berg Nuus/News
Weeklikse Gemeenskapskoerant

Website Link

TikTok

GANSBERGNEWS

Facebook Link

028 205 0100

066 225 4280

info@gansberg.co.za

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| S | D | Z | A | Z | B | A | S | R | T | B | A | E | N | V | O | T |
| P | O | L | E | M | I | R | P | O | R | G | Y | Y | L | N | U | W |
| E | C | W | L | B | B | K | E | D | L | E | C | E | B | C | R | W |
| A | G | F | O | I | O | E | O | P | L | E | R | L | P | S | A | G |
| R | N | C | F | P | G | L | R | L | U | E | G | L | O | T | T | Q |
| F | I | C | E | H | P | E | O | J | K | O | T | A | L | Z | U | B |
| I | L | R | H | H | L | W | U | C | A | I | R | W | L | M | O | O |
| S | C | Y | I | A | T | B | I | L | T | C | I | G | O | O | R | W |
| H | O | N | T | A | R | P | O | N | B | V | K | M | C | G | T | F |
| O | K | U | I | W | H | I | T | E | F | I | S | H | K | O | F | I |
| V | H | L | N | W | B | A | W | G | V | K | C | D | B | F | A | N |
| P | R | B | I | B | L | G | U | H | T | E | I | R | Y | M | X | N |
| R | E | P | P | A | N | S | N | G | Q | K | U | D | P | R | A | C |
| Q | R | E | D | N | U | O | L | F | N | B | E | F | Z | E | Z | L |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | 7 | |
| | | | | | 5 | | | 1 |
| | 4 | | | | 1 | 9 | | 6 |
| | | | | | | | | 2 |
| | | | | | | 5 | 3 | |
| | | 6 | | 2 | | | | 8 |
| 4 | | 5 | 2 | | | | | |
| | | 7 | 4 | | | 3 | | |
| 2 | | | 8 | 3 | | | | |

AMBERJACK
BLUEGILL
BOWFIN
BURBOT

CARP
CHAR
COBIA
DOLPHIN


GROUPER
LINGCOD
PERCH
PICKEREL

POLLOCK
PORGY
SNAPPER
SOLE

TARPON
TROUT
WALLEYE
WHITEFISH

TARPON
TROUT
WALLEYE
WHITEFISH

## Colour me in....



## ANSWERS

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | I | G | Y | B | W | W | T | K | K | J | R | C | E | H | S | B |
| H | E | C | A | A | P | N | A | R | F | E | B | X | T | S | T | E |
| S | W | G | G | R | U | E | A | R | D | O | T | S | Y | I | U | I |
| I | I | B | U | R | S | H | G | F | M | R | G | M | A | F | R | P |
| F | B | L | G | A | S | W | I | N | I | O | W | E | S | T | G | P |
| T | Q | K | L | C | S | S | A | P | U | X | U | L | W | O | E | A |
| A | G | M | B | U | H | I | L | C | B | L | X | T | I | R | O | R |
| C | O | G | G | D | J | E | F | O | B | U | L | Y | H | R | N | C |
| N | U | S | L | A | T | Z | S | S | D | A | L | E | T | A | B | J |
| N | E | D | R | A | V | Y | L | L | O | D | D | L | K | P | P | T |
| O | O | A | I | B | O | N | E | F | I | S | H | D | H | S | Q | N |
| C | R | L | T | A | R | A | Q | Z | S | I | E | H | N | E | U | A |
| T | U | B | I | L | A | H | S | I | S | P | I | K | E | A | A | M |
| T | D | P | C | S | W | O | R | D | F | I | S | H | R | M | S | D |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 | 4 | 2 | 3 | 9 | 5 | 7 | 8 | 1 |
| 5 | 9 | 7 | 1 | 4 | 8 | 6 | 2 | 3 |
| 1 | 8 | 3 | 6 | 7 | 2 | 9 | 5 | 4 |
| 4 | 7 | 8 | 5 | 6 | 3 | 1 | 9 | 2 |
| 3 | 1 | 9 | 4 | 2 | 7 | 5 | 6 | 8 |
| 2 | 5 | 6 | 8 | 1 | 9 | 3 | 4 | 7 |
| 9 | 3 | 1 | 2 | 5 | 4 | 8 | 7 | 6 |
| 7 | 6 | 4 | 9 | 8 | 1 | 2 | 3 | 5 |
| 8 | 2 | 5 | 7 | 3 | 6 | 4 | 1 | 9 |

# NEIGHBORHOOD Watches

| AREA | CONTACT | NUMBER |
|---|---|---|
| Franskraal | Jaap Koen | 082 442 2464 |
| Franskraal Afriforum | Robbie Nelson | 083 455 0946 |
| Pearly Beach | Mark Boontjies | 072 282 3616 |
| Pearly Beach Oord | Fred Wesson | 083 654 4616 |
| Strandveld Plaaswag | Stephan Du Mont | 082 642 7358 |
| Kleinbaai | Maryna Basson | 073 439 1979 |
| Uilenkraalsmond | Lionel Kemn | 063 501 5198 |
| Gansbaai | Hugh-Daniel Grobler | 072 352 7776 |
| Perlemoenbaai | Stuart Hayman | 079 250 9081 |
| De Kelders | Nico Groenewald | 073 919 7777 |

LET US COMMUNITY WORK TOGETHER

Gans Berg Nuus/News
028 205 0100 Community Newspaper

# EMERGENCY NUMBERS

028 205 0100 Gans-Berg

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335 0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| Cassie Carstens: | 078 699 6995 |

IN AN EMERGENCY, EVERY SECOND COUNTS.

SAVE THESE NUMBERS. SHARE THEM. STAY SAFE.




# Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Wednesday 19/8/2026 | Thursday 20/8/2026 | Friday 21/8/2026 | Saturday 22/8/2026 | Sunday 23/8/2026 | Monday 24/8/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 15° | 15° | 18° | 15° | 15° | 16° |
| Moderate Breeze 6 m/s from south-west 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 6 m/s from south 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Strong Breeze 11 m/s from west 0.2 mm precipitation. | Light Breeze 3 m/s from west 0 mm precipitation. | Gentle Breeze 4 m/s from west 0 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 21 August | 0949 | 2223 | 0324 | 1554 |
| 22 August | 1155 | 0006 | 0519 | 1758 |
| 23 August | 1259 | 0104 | 0633 | 1902 |
| 24 August | 1338 | 0143 | 0718 | 1942 |
| 25 August | 1409 | 0200 | 0752 | 2014 |
| 26 August | 0216 | 1437 | 0822 | 2043 |
| 27 August | 0247 | 1505 | 0850 | 2112 |
| 28 August | 0316 | 1532 | 0918 | 2141 |


## Tax Compliance & Administration Services

WE OFFER BUT ARE NOT LIMITED TO:

- Registrations of:
  - Income tax
  - VAT
  - PAYE
  - UIF
  - AND SDL's
- Income Tax calculations for:
  - Companies
  - Close Corporations
  - Trust
  - And Individuals
- Submissions of income returns via E-Filling for above mentioned entities
- Calculation and submission of provisional tax returns via E-Filling.
- Dealing with enquiries, verifications and audits from SARS
- Tax planning advise.
- Request Tax clearance certificate.



Coetzee&Co

A: 56 Barnard Street, Gansbaai T: 066 231 8831 / 028 007 0225 E: info@coetzeeandco.co.za

BIZ LEGAL OVERBERG Labour & Legal Solutions



SOLUTIONS TO HELP YOUR BUSINESS SUCCEED. TOGETHER.

WE OFFER LABOUR, LEGAL, TAX & ACCOUNTING SERVICES ALL UNDER ONE ROOF

LABOUR MONTHLY RETAINERS

LEGAL MONTHLY RETAINERS

TAX & ACCOUNTING SERVICES

LABOUR SERVICES

TAX & ACCOUNTING

LEGAL SERVICES

CONTACT US TO FIND OUT MORE:

# Medical 911

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637





# Gansbaai Posduifklub: Hopetown-wedvlug

"Die wedvlug terug na Gansbaai vanaf Hopetown was 'n lang pad," sê Marisca Fourie van die klub.

**Uitslae:**
*Kant 1:*
J&J Swart - 1, 2, 13, 16; Louis Groenewald - 3, 18; Germishuys Hokke - 4, 8, 9, 17; N@N Stevens - 5, 15, 20; Human Loft - 6, 7, 19; C Kruger - 10, 12; Fourie Loft - 11, 14.

*Kant 2:*
J&J Swart - 1, 3, 6, 7, 13, 15, 18; Germishuys Hokke - 2, 4, 9, 10, 20; Human Loft - 5, 11, 12; Fourie Loft - 8; C Kruger - 14; Louis Groenewald - 16, 17, 19.

Vir Posduif-navrae kan Marisca Fourie by 081 458 3878 gekontak word. (U*itslae: Marisca Fourie*)

**Hardus Botha**




# Gansies (be)koor by Kalfiefees

"'n Groepie van Laerskool Gansbaai se senior koorlede het ons harte Sondag by die Kalfiefees van trots laat swel," het Laerskool Gansbaai (LSG) laat weet. "Saam met Luna Paige en Illimar Neitz het die Bluesklanke deur Onrus se De Wet-saal weergalm."

Stiaan en Jana Fourie, asook LSG se vorige hoofseun, Jan-Dawid du Plessis, het as kitaarspelers geskitter. Asanti Smit, die Gansies se koorafrigter en -leier, kan met reg trots wees op haar groep koorlede. "Ons sien met opgewondenheid uit na die KykNET Fiesta-uitsending van dié besondere vertoning deur hulle!"

**Hardus Botha**




# Gansbaai Gholfklub
## Clive en Marietjie palm Gekombineerde Stableford in

Clive Bailey & Marietjie de Villiers palm Saterdag, 15 Augustus 2026 se Gekombineerde Stableford in, met Clive Bailey wat in dieselfde kompetisie 'n Spog Twee aanteken, asook Naaste aan die Pen op no 2 eindig. Theunis van Schoor palm op sy beurt Woensdag, 12 Augustus 2026 se Enkel Stableford in en teken ook 'n Spog twee in Saterdag se wedstryd aan.


**Woensdag, 12 Augustus:**
Theunis van Schoor wen die Enkel Stableford kompetisie met 41 punte, gevolg deur Leon Lombaard 35, Bev Swart 31, Mike Germishuys 31, Clive Bailey 30, Adriaan Kloppers 30, Joe Cesare 29, Hugo Groenewald 27, Cobus Dippenaar 25 en Cecil Galloway 24.

**Vrydag, 14 Augustus:**
Pieter Uys wen die 9-putjie Enkel Stableford met 19 punte, gevolg deur Lionel Kemm 19, Owen Huxham 18, Pero Heyns 16, Sakkie van der Merwe 15, Daniel van der Merwe 15, Corrie Avenant 14, Koos Myburgh 14, Jacobus Bothma 13 en Christi Thompson 11.

**Saterdag, 15 Augustus:**
Clive Bailey & Marietjie de Villiers wen die Gekombineerde Stableford kompetisie met 80 punte, gevolg deur Johan Coetzee & Rene Myburgh 76, Barry Fourie & Marie Fourie 73, Gavin Flint & Pieter Kruger 73, Theunis van Schoor & Philip Taylor 67, Willem Germishuys & Francois van der Merwe 67, Malcolm Bury & Barry Fourie 66, Peet Pretorius & Cobus Dippenaar 65, Jacques Louw & Joe Cesare 63 en Johan du Preez & Corrie Avenant 63.
Spog Twee's: Gavin Flint (15), Clive Bailey (2), Theunis van Schoor (11) en Daniel van der Merwe (2).
Naaste aan die pen no 2: Clive Bailey (rooi) en Jason Dorrofield (geel).


*Clive Bailey & Marietjie de Villiers.*


*Theunis van Schoor.*


*Pieter Uys.*

**Saterdag, 22 Augustus:**
Kompetisie is 'n Enkel Stableford.

**Verjaarsdae:**
Minette Munnik (20ste), Paul Dorrofield (21ste) en Pieter Smal (23ste).

**Groete,**
**Johan Coetzee**
**082 878 0534**





# Galjoenkompetisie 2026 om die draai



Die jaarlikse en gewilde Galjoenkompetisie van die NG-gemeente, onder leiding van Riaan Booysen, is om die draai en vind op 26 September 2026 by die Birkenhead Boothengelklub in Gansbaai-hawe plaas. "Ons beplanning is goed op dreef, maar ons benodig borge vir ons kinderspanne wat nie die inskrywingsgeld kan bekostig nie," het Riaan gesê. "Daar is agt kinderspanne, met vier spanlede elk, wat reeds ingeskryf het, en hierdie jongmense is baie opgewonde om te kan deelneem."

Kennis kan nou reeds van hierdie kompetisie geneem word - en dit is vir 'n goeie doel, aangesien die inkomste ten bate van Herberg-aan-See Tehuis vir Bejaardes, asook ander liefdadigheidsprojekte, aangewend sal word. Belangstellendes kan individueel of per span inskryf, met vier lede per span.
Die hengeltyd is van 07:00 tot 18:00, waarna die inweeg by die Birkenhead Boothengelklub sal plaasvind. Die hengelarea strek vanaf die Steenbrasriviermond tot by Struisbaai-hawe, en 'vang-en-loslaat'-deelname is ook welkom. Die pryse wat gewen kan word, is nie te versmaai nie. Die onderskeie pryskategorieë is vir spanne, individuele inskrywings, kinders jonger as 13 jaar en losgelate galjoene. Elkeen van hierdie kategorieë het etlike pryse wat gewen kan word.
Meer inligting sal nader aan die tyd beskikbaar gestel word. Intussen kan navrae oor inskrywings en borgskappe aan Riaan Booysen by 074 203 6658 gerig word, of 'n e-pos aan hom gestuur word by riaanbooysen@webmail.co.za.
(*2025 Argieffoto: Gans-Berg Nuus*)

**Hardus Botha**


## OVERSTRAND MUNICIPALITY

Applications are hereby invited from qualified persons to be appointed in the under mentioned vacancies:

## ARTISAN: BUILDING MAINTENANCE (X2 POSTS)

**Directorate:** Community Services
**Department:** Facilities, Halls & Building Maintenance – Building Maintenance
**Reference number:** WC0321858 / WC0321860
**Basic Salary:** R316 224 p.a.
(Cellphone Allowance)
**Employment Type:** Permanent
**Place of Work:** Stanford / Hermanus

**Requirements:** • A grade 11 or equivalent N2 Level Certificate • Special Workman Proficiency Certificate • Basic Computer Literacy: MS Office • A valid Code C1 Driver's Licence with PDP • Two–three (2–3) years' relevant experience required of which One (1) year must be at Supervisory Level, • Communication skills in at least two (2) of the three (3) official languages of the Western Cape.

**Special Conditions:** • The duties listed in this job description are not exhaustive, and the employer is entitled to instruct the employee at any time to carry out additional duties or responsibilities which fall reasonably within the ambit of the job description, or in accordance with operational requirements • Must be willing to work outside normal working hours when required and meet deadlines • Must be computer literate • Must be able to work independently • Must be able to function under pressure and make split second decisions • Must apply a level of discretion regarding confidential material and information • Must be able to consistently prioritise systems errors, database management and repairs to ensure continuous service delivery.

**To view detailed advertisements with all relevant information for the above vacancy please visit Overstrand Municipality's website at: www.overstrand.gov.za**

**For any enquiries in this regard, please contact Mr. S Miller on 028 314 8502.**

**Closing date: 2 September 2026**

Dr DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200
Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 163/2026




**'n Gesellige groep lede en gaste het Saterdagaand, 15 Augustus 2026, die Birkenhead Boothengelklub se funksie geniet, heerlik saamgekuier en tot laataand saamgedans - ná 'n lang dag op see. Nuwe lede Anna-Marié en Willie du Toit, asook Johan Burger, is amptelik deur die voorsitter, Hein Kroese, verwelkom. (Foto: Walter Mapham)**

**Hardus Botha**




Gans Berg Nuus/News

Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Hermanus, Stanford

Put your advert here

Contact us: 028 205 0100

# 132 parkrunners vier Groeneweide se groot terugkeer

Groeneweide se parkrunners was Saterdag, 15 Augustus 2026, die ene opgewondenheid - 132 van hulle, plus 19 vrywilligers. Dit was die eerste parkrun sedert 16 Mei vanjaar - ná drie maande - en die Gans-Berg Nuus was vroegoggend daar om die opgewondenheid saam te beleef.

Met Januarie 2026 se vernietigende brande is die grootste deel van die parkrun-roete afgebrand. Daarna het Meimaand se stormreën, kragtige winde en verspoelings verdere verwoesting gesaai - daar was feitlik geen tekens meer van 'n parkrun-roete nie. Groot bome wat reeds erg deur die brand beskadig is, is deur die stormwater en winde omgekeer, en van die gewilde parkrun-roete het min oorgebly.

Groeneweide se eienaars, Lonnie en Mathilda Roos, Geoff van Lomond



Glen Scholfield (links) bedank Mathilda en Lonnie Roos.



Die vrywilligers.



...en daar gaan hulle, ná 3 maande van geen parkruns nie!

Wynlandgoed, asook Groeneweide se parkrun-vrywilligers, het gedurende die drie maande baie hard gewerk om die roete weer oop en gereed te kry. Lomond Wynlandgoed is bedank vir vragte grond wat aangery is en 'n span werkers wat beskikbaar gestel is om te help.

By die wegspringplek het die 132 parkrunners van opgewondenheid soos resiesperde gestaan en trippel - gereed om weg te spring! Glen Scholfield, Run Director, het die groep eers rustig gekry, die gebruiklike gebed gedoen en daarna vir Lonnie en Mathilda spesiaal bedank vir hulle ongelooflike harde werk om die roete weer oop te kry. Vir parkrun-navrae kan Henry Marais by 082 579 3228 geskakel word, of stuur 'n e-pos aan hom by henrymarais61@gmail.com.

**Hardus Botha**

# Om vir jouself te kan lag...

Om vir jouself te kan lag, veral onder moeilike omstandighede, was die tema tydens die Bietoubos Damesklub se vorige byeenkoms. Die gasspreker wat vir die lekker saamlag verantwoordelik was, was Janine Eveleigh van Pearly Beach.

Janine is 'n lewensafrigter met 'n meesterskwalifikasie agter haar naam en sy help mense om met groter selfinsig, emosionele veerkragtigheid en lewensvreugde deur die verskillende fases van die lewe te beweeg. Volgens die dames het sy haar uitstekend van haar taak gekwyt. Belangstellendes kan Janine Eveleigh by 083 440 1040 kontak, of 'n e-pos aan haar stuur by janine@eveleigh.co.za.

**Hardus Botha**



Gasspreker Janine Eveleigh en Elizma de Lange.



Die groep laggende Bietoubossers.



Die geluktrekkingswenner, Marinda Geldenhuys, by voorsitter Senerita van der Walt.

Be part of our 2027 Tides Booklet. Book your advert. 028 205 0100